## NIE-REGERINGSORGANISASIE

## KENNISGEWING 2999 VAN 2025

**Aansoek vir derogasie vir die beperkte gebruik van landbouchemikalieë geïdentifiseer as sorgwekkende middels.**

Hierdie kennisgewing het ten doel om die algemene publiek in te lig van die administratiewe aksie onderweg in verband met die goedkeuring van landbouchemikalieë onder die Wet op Misstowwe, Veevoer, Landbouchemikalieë en Veemiddels, 1947 (Wet Nr. 36 van 1947). Rainbow Agrosciences (Pty) Ltd., met ons meegaande registrasiebesonderhede, lig die algemene publiek hiermee in van die voorneme om aansoeke in te dien vir derogasie vir ons geregistreerde **Halosulfuron-methyl** (sulfonielureum) bevattende landbouchemikalieë met aktiewe bestanddeel inhoud van 200 g/L, 800 g/kg soos hieronder gelys:

| Naam van Maatskappy met registrasienommer | Handelsnaam en registrasienommer | Webwerf |
|---|---|---|
| Rainbow Agrosciences (Edms) Bpk (Mpy. Reg. Nr. 2011/008674/07) | **Flagship 750 WDG** (L 10539) | https://www.rainbowagro.com/gl/news |

Die aktiewe bestanddeel ***Halosulfuron*-metiel** (sulfonielureum) is geïdentifiseer as 'n sorgwekkende middel weens klassifikasie as reproduktief toksies Kategorie 1B volgens die **"Globally Harmonized System of Classification and Labelling of Chemicals"** vir die volgende eindgebruike in Suid-Afrika:

'n Onkruiddoder vir die beheer van onkruide in gewasse of omstandighede soos Mielies, Graansorghum, Koring, Suikerriet, Avokado's, Sitrus, Veselperskes, Kikuyu gras en/of Cynodon gras soos uiteengesit in die Toksikologiese Risiko ontleding vir elk van die gelyste produkte.

Soos vereis in die "Regulations relating to agricultural remedies" van Augustus 2023 is toksikologiese risiko ontledings onderneem vir die voorgestelde eindgebruike vir elk van die produkte soos gelys. Die betrokke risiko ontledings, voltooi deur **Exponent Internationaal Beperk** beveel aan dat, indien derogasie toegestaan word, die onderstaande aanwysings ingesluit word by die onderskeie produketikette om maksimum veiligheid te verseker tydens die gebruik van gelyste produkte:

**Afhangend van die klassifikasie van die produk sal die onderstaande beskermde klere/toerusting benodig word:**

- Indien die produk as 'n vel sensitiwiteit (Kategorie 1) geklassifiseer is, moet handskoene, beskermende klere en oogbeskerming/gesigbeskerming deur die operateur gedra word, vir vermenging en oplaai van die produk.
- Indien die produk as 'n vel irritasie (Kategorie 2 of 3) geklassifiseer is, moet handskoene en beskermende klere deur die operateur gedra word vir vermenging en oplaai van die produk.
- Indien die produk as 'n oog irritasie (Kategorie 1 of 2) geklassifiseer is, moet handskoene, oogbeskerming/gesigbeskerming deur die operateur gedra word vir vermenging en oplaai van die produk.

**Omgewings risiko-beperkende maatreëls benodig:**

- Akwaties: lae risiko vir akwatiese organismes na die gebruik van Halosulfuron-metiel 75 WG wanneer 'n 5 m buffer-sone gebruik word.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

- Nie-teikenplante: aanvaarbare risiko op ŉ afstand van 5 m met die gebruik van 75% drywingsverminderende spuitpunte, of op ŉ afstand van 10 m met die gebruik van 50% drywingsverminderende spuitpunte, of op ŉ afstand van 15 m sonder drywingsvermindering.

Mnr. / Mr David Motloi
Hoof van Administrasie: Wet op Misstowwe, Veevoer, Landbouchemikalieë en Veemiddels, 1947 (Wet Nr. 36 van 1947) / Head of Administration: Fertilizer, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act, 1947
Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling, Privaatsak X343, Pretoria, 0001 / Department of Agriculture, Land Reform and Rural Development, Private Bag X343, Pretoria, 0001
Landbougebou, Steve Bikostraat 20, Arcadia, Pretoria, 0002 / Agriculture Building, 20 Steve Biko Street, Arcadia, Pretoria, 0002
Tel nr. / Tel no: 012 319 6889
E-pos / Email: DavidM@Dalrrd.gov.za

Kommentaar, of besware rakende hierdie aansoek moet binne 30 dae van publikasie van hierdie kennisgewing ingedien word. Kommentaar ontvang na die sperdatum mag nie noodwendig in ag geneem word nie.